

WATTER PRIORITEITE MOET ONS AAN DIE SUID-AFRIKAANSE
EKONOMIE STEL?

(’n Werkdokument opgestel deur
Prof. S.J. Terreblanche)

Veronderstel u is ’n lid van ’n Kommissie wat aangestel is om ondersoek in te stel na die aard en die werking van die Suid-Afrikaanse ekonomie. Die Kommissie het die opdrag om voorstelle te maak oor hoe die werking van die S.A. ekonomie verbeter kan word sodat die D O E L wat Suid-Afrikaners - as hulle hul nugter daarvoor verantwoord - graag daarmee wil bereik, beter sal kan bereik.

Hierdie Kommissie sal hom oor die volgende sake moet verantwoord.

- (a) Eerstens, oor die hoeveelheid en die gehalte van die produksiefaktore wat beskikbaar is - d.w.s. oor die (gegewe) INSETTE van die stelsel.
- (b) Tweedens, oor die soort ekonomiese STELSEL wat in Suid-Afrika gebruik word - d.w.s. oor die aard en kenmerke van die Gemengde Kapitalisme (’n markgeoriënteerde ekonomie met ’n redelike groot mate van staatsinmenging en -deelname) wat per definisie ’n sekere mate van aanpasbaarheid (oor selfs die korttermyn) het.
- (c) Derdens, oor die soort resultate wat die Ekonomie lewer - d.w.s. die Kommissie sal die (werklike) UITSETTE wat die ekonomie lewer moet bepaal byvoorbeeld in terme van die soort welvaart wat dit skep, die gelykheid of ongelykheid waarop die welvaart verdeel word, die stabiliteit van die pryse, die werksgeleenthede wat geskep word en die afhanklikheid of onafhanklikheid ten opsigte van die buitewêreld.
- (d) In die vierde plek sal die Kommissie moet vasstel watter soort doelstellings die Suid-Afrikaners graag wil nastreef as hulle hul rustig en ernstig daarvoor sou verantwoord. Die Kommissie sal hom baie uitdruklik moet verantwoord oor wat die HAALBARE DOELSTELLINGS of die GEWENSTE UITSETTE is of behoort te wees - d.w.s. oor die prioriteite wat ons aan die Ekonomie wens te stel. (vergeelyk die Teoretiese Model)

Ons sou ons die hele dag kan besig hou om die (gegewe) INSETTE van die ekonomie te beskryf. In hierdie verband is die volgende belangrik:

1. Die (heterogene) samestelling van die bevolking wat die potensiële arbeidsmag bepaal (d.w.s. die beskikbare hoeveelheid arbeid).
2. Die geskooldheid en vaardigheid van die werklike arbeidsmag (d.w.s. die kwaliteit van die arbeidsmag).
3. Die beskikbaarheid van ondernemers en/of van persone wat in besluit-nemende posisies kan staan (d.w.s. ondernemerskap).

4. Die beskikbaarheid en verspreiding van natuurlike hulpbronne - grond, minerale, water, ens. (d.w.s. ons natuurlike hulpbronne).
5. Die bestaande infrastruktuur (kapitaal) in die vorm van paaie, brûe, spoorlyne, hawens, geboue, fabriekke, stede, skole, universiteite, ens. (d.w.s. die produksiefaktor kapitaal).
6. Die standaard van die tegnologie wat beskikbaar is (Die faktor tegnologie).
7. Die aard en omvang van ons buitelandse ekonomiese betrekkings - d.w.s. ons afhanklikheid van buitelandse insette en ons afhanklikheid om goedere in die buiteland te bekom.

VRAAG 1 Rangskik hierdie sewe INSETTE in volgorde van belangrikheid. Watter 3 faktore (insette) lewer na u mening die grootste en/of die belangrikste bydrae, ens.? Gee redes vir u keuse en vir die rangorde waarop u besluit.

Die Kommissie sal hom ook deeglik moet vergewis oor die manier waarop die S.A. ekonomie georganiseer word d.w.s. oor watter soort STELSEL in S.A. gebruik word en hoe die stelsel werk. 'n Mens moet versigtig wees om nie op hierdie stadium al te begin redeneer oor wat die gewenste stelsel vir S.A. is nie. Die vraag of ons byvoorbeeld meer of minder staatsinmenging behoort te hê kan eers aan die orde kom nadat ons die tekortkominge van die huidige Gemengde Stelsel bepaal het.

'n Beskrywing van hoe 'n Gemengde Kapitalisme soos dié van S.A. werk, is 'n groot en omvangryke taak. Die vakwetenskap Ekonomie hou hom hoofsaaklik daarmee besig. Ons sal dit ongelukkig nie vandag kan doen nie.

Ons derde taak, naamlik om die uitsette (resultate) van ons Ekonomie te meet, is eweneens nie 'n maklike taak nie. Hoe meet mens die resultate van Ekonomiese aktiwiteit? Een manier waarop dit gedoen word, is in terme van die sg. Bruto Nasionale Produk (BNP). Sommige mense dink dat die enigste doel van die Ekonomie is om die BNP so groot as moontlik te maak. Volgens hierdie mense lewer 'n Ekonomie goeie prestasie as die groei van die BNP van jaar tot jaar baie hoog is - sê 5% en hoër. Dit is egter 'n baie skewe opvatting van waaroor dit in die Ekonomie gaan. Eerstens meet die BNP nie alles wat dit veronderstel is om te meet nie. Maar selfs al sou die BNP 'n korrekte maatstaf van die toename in materiële rykdom meet, dan sal dit nog steeds nie korrek wees om te sê dat die BNP die enigste of die beste maatstaf is om die sukses van 'n ekonomie te meet nie. Waarom nie? Om hierdie vraag te kan beantwoord,

moet ons ons verantwoord oor die vierde taak van die Kommissie, naamlik wat is die Gewenste Uitsette of wat moet as die Haalbare Prioriteite beskou word.

Ek dink ek kan sonder vrees van teenspraak sê dat die aspek van die ekonomie wat in S.A. die meeste deur Ekonomieë (en moontlik ook deur die Politici) verwaarloos word, dan is dit juis om hulle uitdruklik en voortdurend te verantwoord oor wat ons prioriteite behoort te wees. Juis daarom wil ek hê dat ons vandag 'n bietjie daaroor moet spekuleer.

Indien die Kommissie daarin sou slaag om 'n duidelike bepaling te maak van wat die Haalbare Uitsette van die S.A. Ekonomie behoort te wees, en dit dan vergelyk met die Werklike Uitsette, sal dit bo alle twyfel blyk dat die Werklike Uitsette ver te kort sal skiet aan die Gewenste Uitsette - nie alleen in 'n kwantitatiewe sin van die woord nie maar veral in die kwalitatiewe sin van die woord. M.a.w. dit sal blyk dat die resultate wat ons bereik skeef is omdat ons nie die voorrang aan sekere doelstelling verleen wat ons daaraan behoort te verleen nie.

VRAAG 2. Wat is na u mening die vernaamste rede waarom die werklike uitsette van die S.A. Ekonomie so ver tekortskiet aan die gewenste uitsette?

(Gee u antwoord in twee of drie sinne)

DIE GEWENSTE UITSETTE

Dit word vandag redelik algemeen aanvaar dat die ekonomiese stelsel van 'n land diensbaar moet wees om die SOSIALE WELVAART van die GEMEENSKAP AS GEHEEL te maksimiseer.

Dit is 'n baie mooi taakstelling. Maar wat beteken dit? Wat presies is die inhoud of dimensies van Sosiale Welvaart? En wat bedoel ons met die "gemeenskap as geheel"? Is die Suid-Afrikaanse ekonomie regtig "in rat" om die belange of die welvaart van die "gemeenskap as geheel" te bevorder? Indien nie, waarom nie?

Die bekende filosoof Popper sê "Sosiale Welvaart" is 'n niksseggende begrip en gevolglik kan dit nie as die oorkoepelende doelwit van die ekonomie dien nie. Hy stel voor dat ons sake op ekonomiese en politieke gebied só moet organiseer dat ons alle vorme van "vermybare pyn en ontbering" tot 'n minimum sal beperk.

VRAAG 3. Watter definisie verkies u as die oorkoepelende doelwit van die Ekonomie:

- (a) die maksimisering van die sosiale welvaart?
- of
- (b) die minimisering van alle vermybare pyn en ontbering?

Gee redes vir u keuse?

Benewens die oorkoepelende doelwit kan ons ook 'n aantal tussendoelstellings of instrumentele doelstellings onderskei. Ek wil graag die volgende ses noem maar nie noodwendig in volgorde van belangrikheid nie.

Eerste doelwit: Daar moet in die minimum lewensbehoefte (partikuliere) behoeftes van elke afsonderlike individu - d.w.s. in daardie minimum van voeding, skuiling en kleding en mediese versorging wat elke individu nodig het om siel en liggaam aanmekaar te hou. (Is daar mense in S.A. wat nog onder die broodlyn leef? Indien wel, moet dit nie ons eerste prioriteit wees om dié toestand te beëindig nie?)

Tweede doelwit: Daar moet op 'n voldoende peil in die gemeenskaplike behoeftes voorsien word - byvoorbeeld die bestryding van pestellensie (bv. colera), voorsiening van paaie en kommunikasienetwerke, die handhawing van wet en orde, ontspannings, opvoedkundige en kulturele fasiliteite ens.). (Moet ons nie dalk minder geld in mense se sakke laat - wat hulle in elk geval op partikuliere behoeftebevrediging bestee (en soms op onbenullige goed vermors) - deur hoër belastinge te hef nie sodat die owerheid in staat sal wees om nie alleen meer gemeenskaplike goedere en dienste te lewer nie, maar veral sodanige dienste van 'n hoër kwaliteit? Hang die gehalte van ons beskawing nie in 'n belangrike mate af van die gehalte van die gemeenskaplike goedere en dienste nie?)

Derde doelwit: Sake moet so gereël word dat 'n groot mate van stabiliteit en voorspelbaarheid sal bestaan. 'n Mens dink hier aan veral drie vorme van stabiliteit wat 'n land graag wil handhaaf:

- (a) die groots moontlike mate van prysstabiliteit (Doen die owerheid regtig genoeg in die stryd teen inflasie?)
- (b) die skepping van die groots moontlike hoeveelheid werksgeleenthede en die deurlopende handhawing daarvan op 'n hoë vlak. (Moet ons nie meer doen om die ontstellende peil van onderindiensneming in veral Swart geledere uit die weg te ruim nie?)

- (c) die handhawing van stabiele eksterne ekonomiese verhoudinge, d.w.s. die handhawing van die groots moontlike Betalingsbalans ewewig en Wisselkoersstabiliteit. (Het ons nie hopeloos te afhanklik van die buitewêreld geword en daarmee ook uiters kwesbaar nie? Stel ons nie ons stabiliteit daardeur te veel in gevaar nie?)

Vierde doelwit: Ons moet soveel en so doeltreffend as moontlik produseer. Ter wille hiervan sal ons drie dinge moet doen:

(a) Ons sal alle produksiefaktore (arbeid, grond, kapitaal, ondernemerskap) wat 'n bydrae kan lewer, nie alleen moet "inspen" nie, maar ons sal elkeen van hierdie faktore ook moet "ontwikkel" sodat dit die beste kan lewer - d.w.s. so produktief as moontlik sal wees. Die sukses van produksie hang nie soseer af van die hoeveelheid produksiefaktore nie, maar van die gehalte daarvan. Een van die belangrikste maniere om die gehalte (produktiwiteit) van die menslike produksiefaktore te verbeter, is deur middel van onderwys. (Bestee ons nie hopeloos te min aan onderwys en veral aan Swartonderwys nie. Moet ons nie maar te gewillig wees om meer belasting te betaal sodat baie meer aan onderwys bestee kan word nie - ook ter wille van volgehoue ekonomiese groei?)

(b) In elke produksieproses moet ons die hoogsmoontlike mate van doeltreffendheid bereik en dit hang af van die mate waartoe ons ons met organisasietegniek en met tegnologieë bedien wat die beste aangepas is by ons omstandighede. Die meeste van ons organisasietegnieke en ons tegnologie word van die buiteland ingevoer. (Doen ons genoeg om organisasietegnieke en tegnologieë te ontwikkel wat aangepas is by ons unieke omstandighede? Is ons produksieprosesse nie heeltemal te kapitaalintensief nie? Is dit nie gek om duur gesofistikeerde masjinerie van die buiteland af in te voer om vir ons "te werk" terwyl daar so baie van ons mense is wat nie werk het nie? Wat kan ons hieraan doen?)

(c) Ons moet ook dinge so organiseer dat daar aantreklike en winsgewende geleenthede vir daardie persone en instansies bestaan wat die inisiatief in sowel die private as die openbare sektore moet neem. (Is ons in S.A. nie dalk te geneig om gunstige geleenthede te skeep vir klein klompies ondernemers terwyl daar eenvoudig net nie genoeg persone en instansies is wat die geleenthede kan benut en die swaare verantwoordelikheid om hulle skouers kan neem nie. Doen ons nie hopeloos te min om genoeg ondernemers en leidinggewende mense te "kweek" of "in te voer" nie?)

Vyfde doelwit: Ons moet die ekonomie so organiseer dat die laste en die voordele van ekonomiese aktiwiteite op 'n billike of regverdige manier tussen al die groepe en tussen al die lede van die verskillende gemeenskappe verdeel sal word. Die ongelyke verdeling van inkomste (en geleenthede) is 'n uitstaande kenmerk van die S.A. ekonomie. Boonop bestaan daar 'n hoë korrelasie tussen die etniese groeperinge en die per capita inkome van die verskillende etniese groepe. (Is die skerp ongelykhede in die verdeling van inkomste en geleenthede geoorloof in S.A.? Kan ons dit bekostig dat rykdom en armoede so skerp teenoor mekaar staan? Moet ons nie veel meer doen om 'n gelyker verdeling van inkome en geleenthede te bewerkstellig nie? Is dit nie dalk die beste manier om Sosiale Welvaart te verhoog en om pyn en ontbering te verminder nie? Is dit nie dalk die mees welvaartskeppende aktiwiteit waarmee ons ons kan besig hou nie?)

Sesde doelwit: Ons moet 'n aanvaarbare geografiese verspreiding van ekonomiese bedrywigheid bewerkstellig en ekonomiese samewerking en ontwikkeling in Suider-Afrika probeer bewerkstellig. Hierdie doelwit is om twee redes belangrik." Eerstens omdat dit ongesond is dat daar so 'n groot sametrekking van ekonomiese aktiwiteit (en 'n opeenhoping van die bevolking) in die PWV-gebied plaasvind. Tweedens omdat 'n geografiese verspreiding van ekonomiese aktiwiteit wenslik (noodsaaklik?) is indien ons ekonomiese inhoud aan sowel die konfederasie van Suid-Afrikaanse State as aan die konstellasië in Suider-Afrika wil gee. (Word daar in S.A. nie te veel oor desentralisasie gepraat en te min daaraan gedoen nie? Word die PWV-gebied nie op 'n ongeoorloofde wyse bevoordeel teenoor byvoorbeeld Wes-Kaapland nie? Moet daar nie veel meer gedoen word om industriële ontwikkeling in en om die onafhanklike en self-regerende Swart State te bewerkstellig nie? Of, sal sodanige desentralisasiemaatreëls net van "ideologiese" belang wees en weinig invloed op die Sosiale Welvaart van die gemeenskap as geheel hê?)

VRAAG 4: Watter een van bogenoemde ses tussendoelstellings is na u mening die belangrikste, die tweede belangrikste en die derde belangrikste? Of watter drie is in die afgelope sê 10 na 20 jaar die meeste verwaarloos (as't ware agtergetrek) en behoort nou voorgetrek te word? Ofte wel, op welke drie (en in watter volgorde) moet ons voorrang verleen as dit inderdaad ons erns is om die Sosiale Welvaart van die Gemeenskap as geheel te bevorder?

Voordat u Vraag 4 kan beantwoord, is daar twee belangrike komplikasies wat u in ag moet neem.

Eerste komplikasie:

Indien die owerheid bv. maatreëls sou tref om 'n gelyker verdeling van inkome en geleenthede te skep (deur bv. meer op Swart onderwys te bestee en/of 'n geografiese verspreiding te bewerkstellig wat die Swartes bevoordeel) sal dit moontlik inisiatief demp en ook die vermoë tot kapitaalvorming verminder en dit kan ekonomiese groei benadeel en groter werkloosheid veroorsaak. Kortom, as mens een of meer van die doelstellings voortrek kan dit oor die korttermyn tot die nadeel van ander strek. Hoeveel kan ons van een (sê No. 5) bykry en hoeveel kan ons van 'n ander (sê No. 4) prysgee en nog altyd die Sosiale Welvaart bevorder?

Alhoewel hoër belasting wat gehef word met die doel om meer op Swart-onderwys te bestee, op die korttermyn inisiatief en groei mag demp, sal ons oor die langtermyn nie 'n hoë groeikoers kan handhaaf as daar nie onmiddellik aansienlik meer op die ontwikkeling en die opheffing van Swartmense bestee word nie. Groei en herverdelingsmaatreëls mag oor die korttermyn botsend teenoor mekaar staan, maar oor die langtermyn is die regte soort herverdelings- (ontwikkelings-) maatreëls noodsaaklik as ons 'n hoë groeikoers wil handhaaf - selfs al sou dit 'n dempende effek op korttermyn groei uitoefen. Wat is die belangrikste? Die kort- of die middeltermyn? Die botsende of die aanvullende verhouding tussen die tussendoelstellings? Hang alles nie af van die effek wat dit op Sosiale Welvaart het nie?

Wanneer u besluit watter drie doelstellings voorgetrek moet word (en in watter orde) moet u die onderlinge verhouding van botsing en aanvulling (komplementariteit) tussen die tussendoelstellings wel deeglik in ag neem en ook daarmee rekening hou dat doelstellings wat op die korttermyn in 'n botsende verhouding teenoor mekaar staan oor die langtermyn komplementêr kan wees!

Tweede komplikasie:

Wanneer die Kommissie sy keuse maak omtrent die rangorde van doelstellings en oor aanbevelings dat een of meer doelstellings hoër moet opskuif in die prioriteitsorde, dan moet die Kommissie die perke wat die (gegewe) omgewingsinsette stel, wel deeglik in verrekening bring. U moet onthou dat wanneer die Kommissie die Gewenste Uitsette definieer dit te alle tye Haalbare Uitsette moet wees - d.w.s. haalbare gegewe die perke wat die (gegewe) omgewingsuitsette stel.

Dit is 'n baie maklike maar terselfdertyd ook 'n baie onverantwoordelike speletjie om hoog op te gee oor sekere vergesogte doelstellings wat verwesenlik behoort te word maar wat totaal onbereikbaar is in ons omstandighede. Dit is 'n soort misdaad waaraan die Progressiewe Federale Party hom van die môre tot die aand aan skuldig maak. So bv. belowe hulle dat hulle volle burgerskap onmiddellik aan almal sal toestaan. Ons dink nie meer in terme van die regstaatidee van die 19de eeu nie maar wel in die welvaartstaatsidee van die 20ste eeu. 'n Begrip soos "volle burgerskap" het dus nie net juridiese betekenis nie, maar ook 'n wye sosiaal-ekonomiese betekenis verkry. "Volle burgerskap" in die sosiaal-ekonomiese sin van die woord, beteken dat gelyke gemeenskaps-dienste aan almal toegestaan sal word, d.w.s. dat gelyke onderwys en welsynsdienste onmiddellik aan almal toegestaan sal word. Indien 'n mens dit in verrekening bring, dan is dit onmiddellik duidelik dat 'n gelyke verskaffing van onderwys- en welsynsdienste eenvoudig nie haalbaar is nie. Die Progge word inderdaad so verblind deur hulle ideologiese propaganda - waardeur hulle deur middel van onhaalbare beloftes guns in die Swartgeledere probeer koop en onverantwoordelik onmin teenoor die Regering saai - dat hulle die werklikhede van die S.A. situasie eenvoudig nie meer kan raaksien nie en inderdaad geen begrip meer toon vir die perke wat die Suid-Afrikaanse ekonomie - as 'n relatief onderontwikkelde land en as 'n soort mikrokosmos van die Eerste en die Derde Wêreld - stel aan die soort (politieke) doelstellings wat wel haalbaar is nie. Die Progge se fundamentele flater is dat hulle Eerste Wêreld waardes en doelstellings vir al 28 miljoen mense in S.A. belowe, sonder om die (relatief onbuigbare) perke wat die (gegewe) omgewingsinsette van die Suid-Afrikaanse situasie en die relatief onderontwikkelde peil van 'n groot deel van ons ekonomie en sy mense stel, enigsins na wense in verrekening bring - en dit terwyl 'n mens meer "ekonomiese realisme" sou verwag van 'n Party wat sulke noue verbintenisse met die sakewêreld en met sekere monopolistiese magsgroepe het.

U moet my nie verkeerd verstaan nie. Ek is baie sterk ten gunste van 'n herrangskikking van prioriteite en dat sekere doelstellings (wat ek in my repliek sal noem) 'n baie hoër plek in die rangorde van doelstellings moet verkry as wat tans die geval is. Maar een ding wat ons nie uit die oog moet verloor nie, is dat as een doelwit hoër opskuif in die rangorde, dit (oor ten minste die korttermyn) net kan gebeur ten koste van ander doelstellings wat laer sal moet afskuif. 'n Party wat nie bereid is om onomwonde te sê welke prys hy (in terme van sekere doelstellings) gewillig is om te betaal ter wille van ander doelstellings wat hy as belangrik ag, is 'n oneerlike Party. Oor die oneerlikheid van die Progge hoef ons nie

te twyfel nie. Ek kan nie aanvaar dat hulle buitensproge beloftes aan die Swartes bloot 'n gebrek aan realisme en insig is nie. Ek het rede om te glo dat dit niks anders as berekende en moedswillige oneerlikheid is nie.

Maar in laaste instansie is die Progge - as oneerlike meelopers van die Monopolistiese Geldmag wat die English Establishment en die Engelstalige Pers beheer - tog eintlik nie belangrik nie - hulle hooggewaande steun uit Afrikaner intellektuele kringe ten spyt. Kom ons laat hulle tersyde.

Ek vertrou dat u oor een ding sal saamstem en dit is dat die Kommissie sal bevind dat die Werklike UITSETTE van die S.A. Ekonomiese Stelsel nie alleen ver te kort skiet aan die GEWENSTE UITSETTE nie maar ook skeef en verwring is. Wat kan ons doen om hierdie stand van sake reg te stel? Ons kan twee dinge doen:

Eerstens, deur middel van die owerheid se deurlopende beleidsmaatreëls en (soos belastinge en subsidies) kan die owerheid dinge so probeer "buig" dat die regte of gewenste doelstellings in 'n groter mate verwesenlik sal word.

Tweedens, kan die owerheid 'n ingrypende proses van strukturele hervorming van stapel stuur waardeur die stelsel so omgebou sal word dat dit meer doelmatig en meer funksioneel sal wees met betrekking tot daardie doelstellings wat ons behoort na te streef. Ons moet egter beseef dat die proses van strukturele hervorming op sowel ekonomiese as politieke gebied geensins 'n maklike taak is nie. Een van die belangrikste redes hiervoor is dat die bestaande organisatoriese STELSEL 'n groot verskeidenheid van magsgroepeerings omsluit wat hulle mag en bedingingsvermoë ontleen uit ekonomiese, politieke, kulturele en ander faktore. Enige poging om die bestaande stelsel "om te bou" sodat dit meer funksioneel kan word met betrekking tot die gekose en gewenste doelstellings, sal sommige of al hierdie magsgroepe tot 'n groter of kleiner mate van hulle bevoorregte en magsposisies moet ontnem. Dit is uit die aard van die saak nie maklik nie. Enige poging tot hervorming en vernuwing kry te make met die weerstand van seksionele groepe wat die mag waaroor hulle beskik gebruik en misbruik om hulle seksionele belang te beskerm ongeag die effek wat hulle optrede op die algemene belang het en dikwels ook ongeag die nadelige effek wat hulle (kortsigtige) optrede om hulle sie (seksionele) belange te beskerm op hulle eie langtermynbelange gaan uitoefen. Wanneer die Kommissie sy voorstelle maak oor hoe die ekonomiese en die politieke stelsel hervorm

en omgebou moet word om meer funksioneel te wees, moet die weerstand van pressie- en magsgroepe teen sodanige hervorming enersyds nie onderskat word nie, maar andersyds ook nie oorskat word nie.

Om hierdie onderskeiding met die nodige mate van insig te doen en die hervorming met die nodige durf deur te voer, verg besondere eienskappe van leierskap en staatsmanskap. Ek wil graag glo dat ons tans oor sodanige leierskap beskik.

VRAAG 5:

Indien ons die weg van strukturele hervorming kies, hoe moet ons die Ekonomie ombou - in die rigting van meer of minder owerheidsdeelname?
Wat dink u? Of sal die aard van die owerheidsinmenging en deelname ingrypend moet verander? Sal die private sektor groter of kleiner raak?